
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## JUNIE 2024

# BESIGHEIDSTUDIES V1

**PUNTE:** 150

**TYD:** 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let daarop dat SLEGS die antwoorde op die eerste TWEE vrae gekies in AFDELING B en die antwoorde op die EERSTE vraag gekies in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n gids vir punte- en tydstoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| **A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **30** | **20** |
| | | | |
| **B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: (Beantwoord enige TWEE.)** | **2** | **40** | **70** |
| | **3** | **40** | |
| | **4** | **40** | |
| | | | |
| **C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: (Beantwoord enige EEN.)** | **5** | **40** | **30** |
| | **6** | **40** | |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n nuwe bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.

8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.6 D.

1.1.1 Hierdie Wet beskerm werkgewers teen ŉ finansiële las indien werknemers in ŉ ongeluk by die werkplek betrokke sou wees:

A Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008)
B Wet op Vaardigheidsontwikkeling (WVO), 1998 (Wet 97 van 1998)
C Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (COIDA), 1997 (Wet 61 van 1997)
D Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995)

1.1.2 Vusi, ŉ groenteboer, het die ...-integrasiestrategie geïmplementeer toe hy die vrugte- en groentestalletjie, wat sy produkte verkoop, gekoop het.

A terugwaartse
B voorwaartse
C intensiewe
D horisontale

1.1.3 Khanya Verf werk/bedryfsaam in die … sektor aangesien hulle in die vervaardiging van verf spesialiseer.

A sekondêre
B primêre
C tersiêre
D ekonomiese

1.1.4 Die menslikehulpbronaktiwiteit wat verseker dat alle CV's wat ontvang word teen voorafbepaalde kriteria geëvalueer word:

A Opleiding
B Keuring
C Plasing
D Werwing

1.1.5 Die implementering van verandering op ŉ kleiner skaal deur Thembi Kosmetiek, is die ... -stap in die BDKH-model.

A beplanning
B handel
C kontroleer
D doen

(5 x 2) (10)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| Porters se vyf kragte; vaardigheidsontwikkelingstrategie; totale kliënte-tevredenheid; dienskontrak; Wet op Basiese Diensvoorwaardes; SSGB-(SWOT) analise; vaardigheidsontwikkelingsheffing; huurkontrak; voldoende finansiering; Wet op Gelyke Indiensneming |

1.2.1 Global Spoedaflewering dra 1% van hul betaalstaat by tot die SAID as ŉ … om werknemers op te lei.

1.2.2 ŉ Omgewingsskanderingstegniek wat beide interne en eksterne besigheidsomgewings bestudeer, staan as (ŉ) … bekend.

1.2.3 ŉ … spesifiseer pligte wat deur werknemer uitgevoer word in ruil vir vergoeding deur die werkgewer.

1.2.4 Die … beskryf die minimum vereistes wat ŉ menslikehulpbronbestuurder moet oorweeg wanneer ŉ salarispakket aan ŉ nuwe werknemer aangebied word.

1.2.5 Blue Sky Lugredery pas … toe, deur marknavorsing te doen om die behoeftes van hul kliënte te ontleed.

(5 x 2) (10)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 K.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995) | A werkers word volgens die aantal ure wat aan 'n taak spandeer word, betaal |
| 1.3.2 Nasionale Kredietreguleerder | B lewer produkte van hoë gehalte volgens spesifikasie |
| 1.3.3 Ontbondeling | C kollektiewe bedinging by die werkplek te bevorder en te implementeer |
| 1.3.4 Stukwerk | D reguleer die roekelose toestaan van krediet aan verbruikers |
| 1.3.5 Administratiewe funksie | E alle bates word verkoop met die doel om die besigheid te sluit |
| | F bevorder en implementeer regstellende aksie in die werkplek |
| | G werkers word betaal volgens die aantal items wat geproduseer word |
| | H reguleer en verseker ekonomiese welstand van verbruikers |
| | I om sommige bates, wat nie meer winsgewend is nie, te verkoop |
| | J verskaf betroubare data betyds aan bestuur |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan ŉ nuwe bladsy begin, bv. VRAAG 2 op ŉ NUWE bladsy, VRAAG 3 op ŉ NUWE bladsy, ens.

### VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

2.1 Noem VIER pilare van die Wet op Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), 2003 (Wet 53 van 2003). (4)

2.2 Beskryf kortliks die rol van SOOO's (SETAs) in ondersteuning van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 1998 (Wet 97 van 1998). (6)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**KING KRAGOPLOSSINGS (KKO)**

King Kragoplossings voorsien elektrisiteit aan die nabye gemeenskappe rondom Gqeberha. Onlangs het KKO die prys van elektrisiteit as gevolg van hoë aanvraag verhoog. Amandla Solar wag vir die bedryfslisensie van die plaaslike munisipaliteit. KKO wek elektrisiteit deur middel van sonkrag op.

2.3.1 Identifiseer TWEE tipes van Porter se Vyf Kragte wat vanaf die scenario hierbo toegepas word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as ŉ RIGLYN om VRAAG 2.3.1 te beantwoord.

| TIPES VAN PORTER SE VYF KRAGTE | MOTIVERING |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

2.4 Verduidelik die *strategiese bestuursproses*. (4)

2.5 Bespreek maniere waarop besighede aan die Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998) kan voldoen. (6)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **TAU ALUMINIUM (TA)** |
|---|
| Tau Aluminium vervaardig verskillende tipes vensters en motorhuisdeure. TA-werknemers het begin met ŉ staking vir beter lone en is afgedank. Werknemers is nie toegelaat om by vakbonde aan te sluit nie. TA ondersteun die stigting van werkplekforums. |

2.6.1 Noem die Wet wat op Tau Aluminium van toepassing is. (2)

2.6.2 Haal TWEE handelinge aan wat beskou word as nie-nakoming van die Wet, wat in VRAAG 2.6.1 geïdentifiseer is. (2)

2.6.3 Verduidelik ander optrede wat deur die Wet as nie-nakoming beskou word. (4)

2.7 Stel maniere voor waarop besighede aan die Wet op Verbruikersbeskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008) kan voldoen. (6)

**[40]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

3.1 Noem enige VIER redes vir die beëindiging van ŉ dienskontrak. (4)

3.2 Beskryf kortliks die rol van die aansoeker tydens die onderhoud. (6)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**KING ONDERNEMING (KO)**

KO het die pos van ŉ finansiële bestuurder geadverteer. Vyf jaar ondervinding in finansiële bestuur op middelvlak is ŉ vereiste. Die suksesvolle aansoeker sal op mediese- en huissubsidie-voordele geregtig wees. Betaling van salaris sal op die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV) gebaseer word.

3.3.1 Haal ŉ voorbeeld van posbeskrywing en posspesifikasie uit die scenario hierbo aan. (2)

3.3.2 Evalueer die impak van byvoordele op besighede. (4)

3.4 Bespreek die voordele van induksie vir besighede. (4)

3.5 Beskryf kortliks die rol van gehaltesirkels as deel van voortdurende verbetering van prosesse en stelsels. (6)

3.6 Brei uit oor die betekenis van *TGB*. (4)

3.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**NANDY SKOONHEIDSALON (NSS)**

Nandy Skoonheidsalon bied verskillende skoonheidsbehandelings vir vroue aan. NSS het ŉ groter markaandeel verkry deur doeltreffende kliëntediens. Sy lewer diens van hoë gehalte wat haar handelsmerk aan al haar kliënte bevorder. Die doel van NSS is om wins te maksimeer.

3.7.1 Identifiseer TWEE gehalte-aanwysers van besigheidsfunksies wat deur NSS toegepas word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as ŉ RIGLYN om VRAAG 3.7.1 te beantwoord.

| BESIGHEIDSFUNKSIE | MOTIVERING |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

3.8 Adviseer besighede oor die impak van TGB indien swak geïmplementeer. (4)

**[40]**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

### BESIGHEIDSOMGEWINGS

4.1 Noem enige VIER verbruikersregte soos bepaal in die Wet op Verbruikersbeskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008). (4)

4.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| SUPER MEULENAARS BPK. (SMB) |
|---|
| Super Meulenaars Bpk. produseer meel en mieliemeel. SMB het sy verpakkingsmateriaal by Vusi Verpakking gekoop wat altyd uit voorraad is. Hul werknemers is gereeld afwesig van die werk. Daar word van SMB vereis om hul produkte by die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde (SABS) te registreer. |

4.2.1 Haal TWEE uitdagings vir SMB se besigheid aan en klassifiseer ELKE uitdaging volgens die besigheidsomgewing.

Gebruik die tabel hieronder as ŉ RIGLYN om VRAAG 4.2.1 te beantwoord.

| UITDAGING | BESIGHEIDSOMGEWING |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(4)

4.3 Verduidelik die volgende bepalings van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997):

4.3.1 Ouerskapverlof (4)

4.3.2 Oortyd (4)

4.4 Adviseer besighede oor die voordele van diversifikasiestrategieë. (4)

### BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

4.5 Identifiseer die werwingsmetodes wat deur ZK Onderneming gebruik word in elkeen van die stellings hieronder:

4.5.1 ZK Onderneming het hul intranet gebruik om geskikte werknemers te werf.

4.5.2 Die werwingsbronne en -prosesse is baie duur en vereis agtergrondondersoeke. (4)

4.6 Beskryf kortliks die plasingsprosedure. (4)

4.7 Verduidelik die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) as ŉ voordeel wat deur die wet vereis word. (4)

4.8 Bespreek voordele van voldoende finansiering en kapasiteit as ŉ totale kwaliteitsbestuur (TQM) element op groot besighede. (4)

4.9 Adviseer besighede oor die kwaliteit-aanwysers van die produksiefunksie. (4)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING C

Beantwoord EEN vraag in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op die vraag moet op ŉ NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 5 op ŉ NUWE bladsy of VRAAG 6 op ŉ NUWE bladsy.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS (BESIGHEIDSTRATEGIEË)

| |
|---|
| Besighede gebruik verskeie strategieë en aggressiewe bemarkingsveldtogte om die prestasie van hul produkte in die mark te verbeter. Die PESTWO (PESTLE)-analise word toegepas om uitdagings in die besigheidsomgewing te identifiseer en te evalueer. Besighede moet strategieë evalueer volgens die huidige eise van die mark. |

Skryf ŉ opstel oor besigheidstrategieë waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die voordele van intensiewe strategieë.
- Verduidelik DRIE tipes intensiewe strategieë.
- Bespreek hoe die volgende PESTWO (PESTLE)-faktore uitdagings aan besighede stel:
  - Ekonomiese
  - Wetlike
  - Omgewings
- Adviseer besighede oor die stappe in strategie-evaluering.

**[40]**

### VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (KWALITEIT VAN PRESTASIE)

| |
|---|
| Besighede implementeer gehaltebeheer en gehalteversekering om effektiewe gehaltebestuurstelsel te verseker. Doeltreffende monitering en evaluering as TGB-elemente sal besighede in staat stel om op hoogte te bly met veranderinge en om die koste van kwaliteit te verminder. |

Hou bogenoemde stelling in gedagte en skryf ŉ opstel oor die volgende aspekte:

- Beskryf die verskil tussen *gehaltebeheer* en *gehalteversekering*.
- Verduidelik die voordele van ŉ goeie gehaltebestuurstelsel.
- Bespreek die impak van monitering en evaluering as ŉ element van TGB op groot besighede.
- Stel maniere voor waarop TGB die koste van kwaliteit kan verminder.

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS